
# Die Galilese Huwelik Seremonie & Die Bruidegom van die Hemel

Opgestel deur Stefanie van https://olyftak.cw.center/ & https://tehillahstudiesent.wixsite.com/my-site-3;
tehillahstudiesentrum@gmail.com

# Kom ons kniel eers net by ons VADER…





# Openbaring 19: 9

'...geseënd is die wat geroep is na die feesmaal by die bruilof van die Lam." Een sê vir my: "Hierdie is die ware boodskap van God." '

Ons wonder baiekeer hoe en wanneer ons Messias Y'Shua SY bruid gaan kom haal. _ABBA VADER & Y'SHUA het vir ons 'n aanduiding in SY WOORD gegee hoe om **die tydlyn van SY Koms** te sien. Kom ons gaan kyk na die orde van die Antieke Galilese Huwelik Seremonie, en

ABBA & Y'Shua se Woorde.

Vir diegene wat die woord goed ken gaan die vorige orde  van die Galilese Huwelik Seremonie alreeds, ’n lig laat aangaan.

Kom ons kyk na die Skrifgedeeltes, en of die vorige stelling waar is:

*ABBA VADER & Y’SHUA het vir ons ’n aanduiding  in SY WOORD gegee hoe om die tydlyn van SY Koms te sien…*

1. Die onderhandelings

Die bruidegom het sy droom-vrou raakgesien en gekies. Sy vader gaan en onderhandel met die vader van die aanstaande bruid wat die bruidegom raakgesien het.

Hy en sy vader en sit koppe bymekaar en stel 'n huweliks-belofte en onderneming op. Die Ketubah.

Ons Hemelse Vader het ons innig liefgekry.

Hy sien die volk wat sukkel in Egipte raak.

*Deutr 10 : 14 Let op, aan יהוה, jou God, behoort die hemel, asook die hoogste hemele, die aarde en alles wat daarin is, 15 tog het YHWH 'n genot in julle vaders gehad, om vir hulle lief te wees en Hy het hulle saad ná hulle gekies, julle, bo al die volke, soos dit vandag is.*

*Hosea 1:*

Hy sien ook vir ons raak, waar ons sukkel in die wildernis van sonde.


***Johannes 3:***

*16"...want op dié manier het God die wêreld liefgehad: só, dat Hy Sy enigste uniekgebore Seun opgegee het sodat elkeen wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê..."*




Ons Hemelse Vader het ons innig liefgekry. Hy sien ons soos die volk wat gesukkel het in Egipte.

*Abba stuur vir Moses as die vriend van die Bruidegom om namens Hom te onderhandel. So stuur HY ook SY HEILIGE GEES, DIE RUACH, om ons te oorreed om SY BRUID TE WORD.*



2. Die Bruidegom en sy Vader stel die Ketubah/ die **huweliks-verbond** op. **Sy liefdesbrief** vir haar. Hierin is sy beloftes en sy onderneming of vir haar te **sorg** vervat asook die **voorvereistes** wat hy van haar as sy bruid..

Dit is 'n ryk versierde dokument.



Abba Vader het die Tien Gebooie en die Torah opgestel en met sy eie vinger geskryf, vir SY volk wat HY as SY bruid sien.

*Exodus 24: 7"Moses het die Boek van die Verbond gevat en dit voor die ore van die volk gelees en hulle het gesê: "Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees..."*

**Y'Shua kom na die aarde en bevestig die Hernude verbond met ons.**

*Matt. 26: 26"Terwyl hulle eet, vat Yeshua die brood, dank daarvoor, breek dit en gee dit aan Sy studentevolgelinge en sê: "Neem, eet, dit is My liggaam." 27 Hy vat ook die beker, dank daarvoor, gee dit aan hulle en sê: "Drink almal daaruit, 28 want dit is My bloed, van die Nuwe (Hernude) Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes..."*

Opgestel deur Stefanie van https://olyftak.cw.center/ &
tehillahstudiesentrum@gmail.com

3. Die Bruidegom word gestuur na die bruid se huis om 'n afspraak te maak.



*__Johannes 20:21__Yeshua sê weer vir hulle: "Vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid (Shalom) vir julle! Net soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook..."*

*__Matt .10:40__ "Wie ook al vir julle ontvang, ontvang My en wie ook al vir My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het."*

4. Die bruid en haar geselskap gaan berei die "ghuppah" voor op die afgesproke tyd by die stadspoort

**Eksodus 20: 16** "Dit het op die derde dag, met die breek van die dag, gebeur dat daar harde stemme en weerlig en 'n swaar wolk op die berg was en die klank van 'n baie harde ramshoring sodat die hele volk wat in die kamp was, gebewe het. 17Moshe het **die volk** uit die kamp uitgelei om God te ontmoet en hulle het gaan staan by die voet van die berg." **Moses is op na die berg**



**Matt 21: 6**"Die studentevolgelinge het gegaan en gedoen net soos Yeshua hulle beveel het; 7hulle het die donkiemerrie en die vul gebring en hulle klere bo-op die vul gelê en Yeshua het daarop gery. 8 **'n Groot menigte mense** het hulle klere op die pad oopgesprei, maar ander het takke van die bome afgekap en op die pad neergelê. 9Die skare wat voor geloop en dié wat gevolg het, het uitgeskreeu en gesê: "**Red ons nou, Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Outoriteit en Karakter van יהוה. U in die hoogste hemel: red ons nou!**"

# 5. Die Ketubah word vir die bruid en haar Vader voorgelê.










Die oorspronklike Ketubah van ABBA is SY OPDRAGTE en SY GEBOOIE (SY Liefdesbrief /HUWELIKSVERBOND met ons...).

*<u>Johannes</u> 14: <u>15</u> "As julle My liefhet, voer voortdurend My opdragte uit..."*

*<u>Matt. 22:36</u>"Leermeester, watter bevel is die grootste in die Torah (Instruksies)?" <u>37</u>Yeshua antwoord hom: "Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. <u>38</u>Dit is die eerste en grootste opdrag <u>39</u>en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. <u>40</u>Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete."*

**6 Die Bruidegom bied vir die bruid 'n glas wyn aan.** As sy die glas wyn aanvaar en drink, is hulle aan mekaar **verbind.** Die bruidegom sê dan aan die bruid dat hy eers weer saam met haar in sy vader se huis van die wynstok sal drink.

*Matt.26: 27"Hy vat ook die beker, dank daarvoor, gee dit aan hulle en sê: "Drink almal daaruit, 28want dit is **My bloed, van die Nuwe Verbond**, wat vir baie uitgestort word tot vryspraak van sondes, **29maar Ek sê vir julle: 'Ek sal van nou af glad nie weer van hierdie vrug van die wynstok drink, tot op daardie dag wanneer Ek dit nuut saam met julle sal drink in die Koninkryk van My Vader nie'."***

Die bruid het 'n keuse of sy dit aanvaar of nie:...



***Joshua 24: 15**"As dit onaanvaarbaar is in julle oë om יהוה te dien, **kies dan** vir julle vandag **wie julle wil dien:..**"*

*Lukas 5: 27"Ná hierdie dinge het Yeshua uitgegaan en 'n belastinggaarder, met die naam van Levi, by die belastinghuis sien sit en vir hom gesê: "Volg My" **28Hy het alles agtergelaat, opgestaan en Hom gevolg.**"*

# 7. Die bruidegom gee 'n waardevolle geskenk aan die bruid.





*Johannes 3: 14 b"...so sal die Seun van die mens opgelig word 15sodat elke mens wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê,16 want op dié manier het God die wêreld liefgehad: só, dat Hy Sy enigste uniek gebore Seun opgegee het sodat elkeen wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar **die ewige lewe sal hê**, 17want God het nie Sy Seun in die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat Hy lewe aan die wêreld kan gee deur Sy hand*

*Efesiërs 2: 8"want dit is as gevolg van **Sy onverdiende guns dat ons deur die geloof/vertroue gered is en dit is nie uit onsself nie**, dit is 'n geskenk van God..."*

*2 Kor. 9: 14" ...vanweë die oorvloedige onverdiende guns van God wat op julle is, 15maar **dank God** vir Sy **onbeskryflike geskenk**."*

# 8. Die bruidegom keer terug na sy Vader se huis om 'n plek vir haar te gaan voorberei...



__Johannes 14: 1__"Laat julle verstand, wil en emosie nie ontsteld wees nie; vertrou in God en vertrou in My. __2__In die huis van My Vader is daar baie blyplekke en as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. **Ek gaan om vir julle plek voor te berei** __3__en as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, kom Ek weer en sal julle saam met My vat sodat julle ook kan wees waar Ek is. __4__Waarheen Ek gaan, weet julle en die pad ken julle."

**Hand. 1:9**"Nadat Hy hierdie dinge gesê het, het hulle gesien hoe Hy opgelig word in 'n wolk in en Hy was verberg vir hulle oë. 10Terwyl hulle nog na die hemel kyk waarheen Hy weggaan, staan daar twee mans in wit klere langs hulle, 11wat vir hulle sê: "Manne van die Galil, waarom staan julle en kyk na die hemel? **Hierdie Yeshua wat van julle af opgevat is in die hemel**, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien weggaan het."

tehillahstudiesentrum@gmail.com

## 9. Die bruid en haar bruidsmeisies berei haar en haar bruidsuitrusting, voor vir die dag of nag wanneer haar bruidegom haar kom haal...

*Openbaring 19: 7*"Ons verheug ons en vier fees. Ons gee aan Hom die eer, lof en aanbidding, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou het haarself gereed gemaak. 8Skoon en glansende fyn linne is aan haar gegee om aan te trek, want fyn linne is die opregtheid van die afgesonderdes."



*Matt. 25:1*"Dan sal die Koninkryk van die hemel wees soos tien maagde wat hulle lampe gevat en uitgegaan het om die bruidegom en bruid te ontmoet, 2 maar vyf van hulle was wys en vyf was dwaas.

| | |
|---|---|
| **10.Net die Vader ken die tyd van die Bruidegom se koms... Niemand weet wanneer die bruidegom se Vader sê dit is tyd nie.** | Matt. 24: 34 "Dit is waar, Ek sê vir julle, hierdie volksfamilie (geslag) sal nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. 35 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My boodskappe sal nie verbygaan nie, 36 maar wat betref daardie dag en die uur weet niemand nie, selfs nie die boodskappers van die hemel nie, **maar slegs die Vader alleen..."** |
|  | Matt. 25: 10 "Terwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom en die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die troulokaal en die deur is toegemaak. 11Agterna kom ook die ander maagde en sê: 'Ons meester, ons meester, maak vir ons oop,' 12maar hy antwoord en sê vir hulle: 'Dit is waar, ek sê vir julle, ek het nie 'n verbondsverhouding met julle nie.' 13Word dan wakker omdat julle die dag en die uur nie weet nie |

**11. Wanneer die tyd aanbreek / As die Vader sê dit is nou tyd...kondig die bruidegom en sy vriende met die blaas van 'n Shofãr aan dat hy op pad is.**



Verwysings: Lev. 23:23-25; Nm 29:1-6; Ezra. 3:1-6; Neh. 8:1-12; Ps. 81:3-4

Ons lees in Openbaring dat daar 7 keer met die trompet (Korrekte vertaling is Shofãr ) aangekondig sal word. Y'Shua sê in

*Matt 24 : 31 "Hy sal Sy boodskappers uitstuur met **groot ramshorings** en hulle sal Sy verkorenes bymekaarmaak uit die vier windstreke, van die een uiterste van die hemele af tot by die ander uiterste daarvan.."*

*Lev.23"33" יהוה het met Moshe gepraat en gesê: 24"Praat met die seuns van Yisra'el en sê: 'In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet julle rus- Dit is 'n gedenkdag deur die blaas van die ramshoring (Shofãr), 'n afgesonderde byeenkoms. 25Julle mag géén gewone werk doen*

# 12. Hy gaan haal sy bruid en neem haar na sy vader se huis –die plek wat hy voorberei het. Daar vier hulle die bruilofsfees.



Die Griekse woord in vers 17 is HARPAZO.

*Johannes 14: 1 "Laat julle verstand, wil*
*en emosie nie ontsteld wees nie; vertrou*
*in God en vertrou in My. 2 In die huis*
*van My Vader is daar baie blyplekke en*
*as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle*
*gesê het.* ***Ek gaan om vir julle plek voor***
***te berei*** *3 en as Ek gegaan en vir julle*
*plek voorberei het, kom Ek weer en sal*
*julle saam met My vat sodat julle ook*
*kan wees waar Ek is. 4 Waarheen Ek*
*gaan, weet julle en die pad ken julle."*

*1 Thessalonisense 4: 16 "…want Hy, ons Meester, sal vanaf die hemel afkom met 'n bevel, met die stem van die hoof engel en* ***met die geklank van die trompet van God en dié wat in Die Gesalfde Een gesterf het, sal eerste opstaan 17 en dan sal ons wat nog in die lewe is, saam met hulle as een in die wolke ingedra word na 'n ontmoeting met ons Meester in die lug en op die manier sal ons vir altyd by ons Meester wees.*** *18 Versterk mekaar daarom met hierdie boodskap…"*

# HalleluYah!

# 13.Die Bruilofsfees van die LAM.



<u>Openbaring 19: 6</u>"Ek het 'n geluid gehoor soos die van 'n groot menigte, soos die geluid van baie water en soos die geluid van magtige donderslae wat sê: "Lofprys יהוה alleen, want יהוה-God, wat alles vashou, heers.

7Ons verheug ons en vier fees. Ons gee aan Hom die eer, lof en aanbidding, want die bruilof van die Lam het gekom en Sy vrou het haarself gereed gemaak. 8Skoon en glansende fyn linne is aan haar gegee om aan te trek, want fyn linne is die opregtheid van die afgesonderdes."
9Hulle sê vir my: "Skryf: geseënd is die wat geroep is na die feesmaal by die bruilof van die Lam." Een sê vir my: "Hierdie is die ware boodskap van God." 10Ek het voor sy voete neergeval en hom aanbid en hy het vir my gesê: "Nee! Ek is jou medeslaaf en die van jou broers, wat die getuienis van Yeshua het. Aanbid eerder God, want die getuienis van Yeshua is die gees van profesie."



# Die Orde van die Antieke Galilese Huwelik seremonie, was as volg:

1. Die Bruidegom se Vader identifiseer die bruid en gaan sien die bruid se Pa.
2. Die bruidegom en sy Vader stel die Ketubah op en nader die vriend van die bruidegom om saam met hom die Ketubah na die bruid te neem.
3. Die bruidegom word gestuur na die Bruid om 'n afspraak te maak.
4. Die bruidspaar en hul ouers en vriende ontmoet by die stadspoort.
5. Die Ketubah word vir die bruid en haar Vader voorgelê.
6. Die Bruidegom bied vir die bruid 'n glas wyn aan. Sy het 'n keuse...As sy die Ketubah en die glas wyn aanvaar, is hulle aan mekaar verbind.
7. Die bruidegom gee 'n waardevolle geskenk aan die bruid.
8. Hy keer terug na sy Vader se huis om 'n plek/huis vir haar te gaan voorberei.
9. Sy en haar bruidsmeisies berei haar en haar bruidsuitrusting, voor vir die dag of nag wanneer haar bruidegom haar kom haal.
10. Niemand weet wanneer die bruidegom se Vader sê dit is tyd nie.
11. Wanneer die tyd aanbreek kondig die bruidegom en sy vriende met die blaas van 'n Shofãr aan dat hy op pad is, en stap deur die strate.
12. Hy gaan haal sy bruid en neem haar na sy vader se huis –die plek wat hy voorberei het.
13. Daar vier hulle die bruilofsfees.

{ https://youtu.be/gsDP-90j9x8 - Fiddler on the roof – gaan kyk gerus.}

| SKRIF GEDEELTES wat verwys na die Seremonie |
|---|
| 1. |
| 2. |
| 3. |
| 4. |
| 5. |
| 6. |
| 7. |
| 8. |
| 9. |
| 10. |
| 11. |
| 12 |
| 13. |

# Vrae...,
# Gebed en
# Shalom tot volgende keer...




Vra gerus, dan stuur ons die vorige Woordskool se lesse aan u per epos...

tehillahstudiesentrum@gmail.com

https://tehillahstudiesent.wixsite.com/my-site-3

Olyftak Bedienige is 'n suiwer donasie-gebaseerde Bediening. Ons opdrag van ABBA is om die <u>bruid toe te rus en te klee,</u> vir ons Bruidegom se koms...




Groot waardering indien Abba u lei, om saad in SY Koninkryk te saai. HY sal u seën!

# BIBLIOGRAFIE


- www.free.messianicbible.com
- https://bybel.org/pwl/
- https://www.istockphoto.com/photos/jewish-wedding
- http://www.freebibleimages.org/photos/triumphant-entry/

- William Blake painting – ten virgins